
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Verklaar die Oorwinning!

In die Ou Testament lees ons die verslag van 'n wonderlike oorwinning, wat 'n pragtige illustrasie is van die manier hoe 'n Christen besit neem van sy erfenis in Christus. Dit gaan oor hoe die Israeliete, onder bevel van Josua, besit van die stad Jericho geneem het. **"SKREEU! Want die Here gee die stad aan julle oor"(Jos. 6:16).** Dit was Josua se opdrag aan sy volk.

In Christus Jesus, het God baie, baie meer as die stad Jerigo aan ons gegee! In **1 Kor. 3:21 en 23** lees ons: **"Alles behoort aan julle.....julle behoort aan Christus!"** En in **Ef. 1:3** lees ons: **"God wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus."**

Hierdie skreeu van die Israeliete wat die mure van Jerigo laat intuimel het, was 'n uitroep van gesag, 'n luide verklaring van sekerheid dat die stad aan hulle behoort. Waarom? Omdat God dit aan hulle gegee het.

God het ons die vermoë gegee om konstruktiewe doelstellings te spreek. God se krag wat deur ons werk en ons onverskrokke verklaring kan baie meer as wat ons ons kan voorstel vermag! **En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk (Ef. 3:20).**

Ons kan met 'n luide stem van oorwinning verklaar en bely wat aan ons, in die Naam van Jesus, behoort. Dink vir 'n oomblik aan alles wat God aan ons deur Jesus Christus gegee het. Verklaar dit nou met 'n skreeu van oorwinning, omdat al hierdie dinge ons s'n is. Halleluja!

Jy het Sy Naam aangeroep en die Here het jou gered! **Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom. 10:13).** Verklaar dit met vrymoedigheid, omdat die Here jou die gratis geskenk van verlossing gegee het. Jy is los gekoop van sonde en die hel. Jy is gered en die hemel is jou ewige woning. Dit is sekerlik iets om met groot blydskap oor te skreeu! Jy is volkome verlos!

Gee 'n juigende uitroep, omdat jy op die oomblik weet dat jy die ewige lewe het! **"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16).**

En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle KAN WEET DAT JULLE DIE EWIGE LEWE HET en kan glo in die Naam van die Seun van God (1 Joh. 5:11-13).

Wanneer jy Jesus as jou persoonlike Verlosser en die Here van jou lewe bely, verklaar hierdie skrifverse dat die Here jou die ewige lewe gegee het!

Jubel, omdat jy weet dat jy wedergebore is, verander is, nuut gemaak is deur God se wonderlike genade en barmhartigheid. Baie mense het nie die sekerheid van hul verlossing nie, hulle

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Verklaar die oorwinning ...)

voel dat hulle nie nou, in hierdie lewe seker kan wees dat hulle gered is nie. Maar juig van blydskap, omdat jy met sekerheid kan weet dat jy hier en nou gered is en die ewigheid in die hemel sal deurbring. Verklaar....**"Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is"(Rom. 8:16).**

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo"(Joh. 1:12). Wat 'n wonderlike ding om te weet, dat jy die hergeboorte ontvang het, wedergebore is en 'n lid van God se koninklike familie is.

Jubel, verklaar en skreeu, omdat jy 'n nuwe geestelike lewe ontvang het. **"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword"(2 Kor. 5:17).** Ja, alles het verander in jou lewe!!

Christus het jou verlos en jou sondes is vergewe. **In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade (Ef. 1:7).**

Hy het aan jou Sy vrede gegee. **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie (Joh. 14:27).**

In die plek van onveiligheid en onsekerheid, het Jesus aan jou 'n bepaalde doel in die lewe gegee. Hy het voorsien in al jou behoeftes vir jou liggaam, siel en gees, Jesus het vir elkeen voorsiening gemaak. **En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus (Fl. 4:19).**

En vir jou toekoms, het Hy die versekering gegee van die hemel as jou lewe aan Hom behoort.

Verheug jou! Verklaar en skreeu, omdat die Here vir jou **"alles geskenk het wat tot die lewe en godsvrug dien" (2 Pet.1:3).** Verheug jou omdat die Here jou die wonderlike voorreg van Sy kameraadskap gegee het. **"En ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun Jesus Christus"(1 Joh.1:3). "God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here"(1 Kor. 1:9).**

Verkondig jou oorwinning, omdat die Here jou genesing vir jou siek liggaam gegee het, jou denke vernuwe het en jou gees, siel en liggaam herstel het. Jesus Christus is ons Groot Geneesheer - **"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid"(Heb.13:8).**

Genesing is 'n gawe van God deur die prys wat Jesus aan die kruis op Golgota betaal het, ontvang dit deur Hom vir dit te loof en verklaar met vrymoedigheid die oorwinning: **"Deur wie se wonde julle genees is"(1 Pet.2:24)** en **"Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – die het Hy gedra .... en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom!"(Jes. 53:4-5)** Juig omdat : **"God begeer dat dit met my in alles goed mag gaan en dat ek gesond is, soos dit met my siel goed gaan! (3 Joh. 2)** Kry ons boek "Nagmaal en Genesing."

Vergifnis van sonde is 'n geskenk van God wat nie verdien kan word nie, dit word ontvang deur geloof, deur God se genade alleen! **Sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie (Ef.2:7-9).** Op dieselfde manier waardeur ons vergifnis van sonde ontvang, ontvang ons ons genesing. Deur geloof deur God se genade alleen, omdat dit ook 'n geskenk van God is. Niemand kan dit verdien of dit koop nie ; niemand verdien dit – dit is 'n Goddelike geskenk van liefde uit die hand van die Vader aan Sy kinders. Dit is een van die nege gawes van die Heilige Gees wat in Een Kor. Hoofstuk twaalf gelys is. God het voorsiening gemaak vir ons genesing in Sy verlossingsplan – deur die versoening van ons Here Jesus Christus. Jy ontvang jou genesing deur geloof in die magtige naam van Jesus en dank en loof Hom dan daarvoor en gee aan Hom al die eer. Ons moet met 'n stem van sekerheid en oorwinning verklaar –dit is belangrik! Net soos die Here Jerigo, in die verlede, aan die Israeliete gegee het, so gee God jou genesing as 'n erfenis deur Jesus Christus. Dit is werd om oor te skreeu en te juig uit blote dankbaarheid! Prys Hom omdat God die lofprysing van Sy volk bewoon. Dit is wanneer jy God prys vir al Sy seëninge dat Hy jou volkome oorwinning gee in jou situasie. Halleluja! God is groot! (Kry ons boeke "Lewe in die Mag van Jou Tong" en "Oorwinnaarstaal")

In **Fil. 4:13** staan: **"Ek is tot alles in staat**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Verklaar die oorwinning ...)

deur Christus wat my die krag gee!" Wat 'n magtige skrif is dit nie. Dit is altyd een van die verse wat my gees aanmoedig en versterk. Wanneer dit voel asof alles rondom jou sê: "Jy kan nie, jy is 'n mislukking, jy gaan dit nie maak nie, gee op!" dan blaas hierdie magtige vers net nuwe hoop en lewe en geloof in jou gees, om jou te bemoedig om te volhard en moed te skep om te oorwin!!

Memoriseer hierdie vers en verklaar dit dikwels hardop. Voordat jy met 'n nuwe onderneming begin, herhaal dit hardop met vertroue – laat dit deel van jou lewe en woordeskat word, net soos "asseblief" en "dankie ". Deur dit te verklaar, sal jy alle vrees en twyfel afskud. Jy sal 'n magtige instrument in God se hande word, omdat jy enigiets wat Hy van jou vra kan doen deur Christus wat jou die krag gee. Jy is Sy hande en voete op aarde. Daardie ou negatiewe belydenis "ek kan nie" sal uit jou lewe verdwyn, want deur die krag van Jesus Christus KAN JY ALLE DINGE DOEN.

Lees Dawid se belydenis in **2 Sam. 22:30: "Met my God loop ek 'n bende storm en met my God spring ek oor 'n muur."**

Nog 'n ander kragtige vers om te memoriseer om in tye van nood te verklaar is **Fil. 4:19:"En my God sal elke behoefte van my vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus"** Wat 'n sekerheid – maak dit jou eie! Wanneer jy dit gememoriseer het, verklaar dit met vrymoedigheid wanneer jy in nood is. Of jou nood geestelik, fisies of 'n aanval op jou denke is, laat hierdie vers uit jou hart borrel en geniet hernude krag en verwagting, omdat die Here beloof het dat Hy in ELKE behoefte van jou sal voorsien.

Ongeag die toestand van jou finansies of jou bankbalans, God sal in jou behoefte voorsien! Ten spyte van die toestand van die ekonomie, my God sal alles wat ek nodig het voorsien!

Ons word in die Skrif herinner hoe God in elke behoefte van die Israeliete vir veertig jaar voorsien het in die woestyn. Hy het hulle van kos, water, klere, skuiling en gesondheid voorsien. Geen bank rekeninge of winkels was nodig nie – is dit nie 'n wonderlike illustrasie van Sy vermoë om vir Sy kinders te voorsien nie? En Hy het nog nooit verander nie. **Want Ek, die HERE, het nie verander nie (Mal.3:6).**

Wanneer alles hopeloos lyk, God sal in al my behoeftes voorsien. Waar ek ook al mag wees, sal God in elkeen van my behoeftes voorsien! Ten spyte van my ouderdom, ras, werk of sosiale status, God sal in elke behoefte van my voorsien.

Die Here sê in **Jer. 1:12:"Ek is wakker oor MY WOORD om dit te volbring."** God hoor wanneer jy in geloof bid en Sy Woord met gesag, onverskrokkenheid en vertroue verklaar en Hy sal dit volbring en dit in jou lewe laat gebeur, want die Woord van God is lewend en dit is **kragtig,** en ons weet dat dit **skerper** as enige tweesnydende swaard is volgens Heb. 4:12.

Ons God het nog altyd Sy Woord geëer. Hy het dit vir Daniël in die leeukuil gedoen, vir die Hebreërs in Egipte, vir Dawid teen Goliat en vir baie ander van wie ons in die Bybel lees. Dieselfde God sal jou vandag verlos en HY SAL AANHOU OM 'N GOD VAN OORWINNING, VIR ALTYD TE WEES! Die Woord sê vir ons dat wanneer ons Jesus as ons Verlosser en Here ontvang, God se Gees in ons woon: **En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon(Rom. 8:11).**

Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4).

"SKREEU, want die Here het die stad aan julle gegee!" Daar is meer as 5 000 wonderlike beloftes van God in die Bybel vir die wat in Christus Jesus is, en Hy is getrou om Sy Woord te vervul. Die wat die koste bereken het en gewillig is om vir die Here te leef, die wat op Sy Woord vertrou ongeag die omstandighede en dit VERKLAAR , sal die oorwinning sien!

Skreeu van blydskap, omdat die Here jou bevryding, genesing, verlossing, vrymoedigheid, oorvloedige lewe, onuitspreeklike blydskap, genade en barmhartigheid gee en die "vrede wat alle verstand te bowe gaan ".

Maak nie saak wat die medieseverslag sê, met God is niks onmoontlik nie!

Ons Hemelse Vader het voorsiening gemaak vir ons en ons het 'n goddelike erfenis deur Christus Jesus! Dit het ons s'n geword toe Hy aan die kruis vir ons gesterf het, daarom kan ons nou met sekerheid sê: **"Sekerlik sal goedheid en guns my volg al die dae van my lewe"(Ps. 23:6).** Glo dit en verklaar dit met blydskap en danksegging. *

THE BATTLEFIELD OF THE MIND

The reason for the importance of guarding your mind is found in Proverbs 23:3 which says: **For as a man thinketh in his heart, so *is* he**. This is saying that our thoughts determine who we are, and because of this, we are instructed in Romans 12:2**: And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind .** Our minds have to be renewed by the Word of God so that we can know His ways and live according to His will. This is for our benefit and for our protection against Satan's lies and deception. We read in **2 Cor. 4:4: In whom the god of this world hath blinded the minds of them which believe not, lest the light of the glorious gospel of Christ, who is the image of God, should shine unto them.** Satan's strategy is to blind our minds to the truth through deception and "worldly thinking", and keep us from walking in the light of God's Word! Jesus , praying to His Father in Heaven declared, **Sanctify them through Thy truth: Thy word is truth. (John 17:17)** The only absolute TRUTH is God's Word!

God's Word assures us that He has given us a sound mind (2Tm1:7) but it is our responsibility to keep it sound because the devil will do all in his power to lead us astray and away from God's truth, so we must not fall into any of his traps.

A sound mind results when we have recognized our need to confess having opened ourselves to the attacks and temptations of our enemy the devil, and repented of them, and renounced them as sin. Your area of attack may have been rejection, fear, occult involvement such as fortune telling etc. or hate and unforgiveness. Regardless of the sin involved, you need to recognize it for what it is and repent of it because this breaks Satan's grip and stronghold in your life. Then through prayer ask your Heavenly Father to touch you and heal and restore the area that has been affected through the sin involved. He willingly and lovingly does so in the Name of Jesus by the Power of His Blood and by His Holy Spirit.

It is important therefore to confess and ask forgiveness, repent, renounce, break the hold of Satan in Jesus' Name and then receive by faith, the healing that comes from our Heavenly Father because of His grace, mercy and love. Once you have confessed your sin and repented of it, God will completely forgive you**. (1 John 1:9) If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us *our* sins, and to cleanse us from all unrighteousness.** Allow repentance to take its full course and do not allow the devil to bring you under condemnation! God's forgiveness is complete!

We need to "take hold" of our thoughts. Our thought pattern is a large battlefield and there can never be true peace in our hearts and lives until each thought comes into obedience to Jesus Christ.

Mark. 12:30: **And you shall love the Lord you God with all your heart, with all your soul, with all your MIND, and with all your strength. This is the first commandment.**

Remember that your mind is the battle area, do not allow your mind to become blinded or veiled by the enemy, stay alert and guard your thoughts. We read in Ephesians: **Among whom also we all had our conversation in times past in the lusts of our flesh, fulfilling the desires of the flesh and of the MIND; and were by nature the children of wrath, even as others. (Eph 2:3)** And then again, the same thought in 2 Corinthians: **But their minds were blinded: for until this day remaineth the same vail untaken away in the reading of the old testament; which *vail* is done away in Christ. (2Co 3:14)** This is repeated in Colossians**: And you, that were sometime alienated and enemies in *your* MIND by wicked works, yet now hath he reconciled. (Col 1:21)** In other words a mind that is still in darkness gives the enemy ground to rob, kill and destroy. (John 10:10)

Guard against fleshly or lustful thoughts. **Rom. 8:6: For to be carnally minded is death, but to be spiritually minded is life and peace.** A carnal mind thinks fleshly thoughts and plays into the enemy's hands.

By allowing lies and misconception to enter our minds we give place to Satan and through an inactive mind, a passive mind, we open ourselves to the enemy. Be warned against this situation. If a person will not use his intelligence, God will not use it either, but demon powers will. An open

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - The battlefield of the mind….)
blank mind is exactly what they desire plus an inactive will! The characteristic of an evil spirit is that their thoughts will always bombard from outside and enter mainly through the mind. Such thoughts force and drive a person to react immediately or impulsively and then go on to confuse and paralyze his mind so that the person can no longer think clearly.

We read in **2 Cor. 11:3: But I fear, lest by any means, as the serpent beguiled Eve through his subtlety, so your minds should be corrupted from the simplicity that is in Christ.**

The signs of deception can usually be discerned. One amongst others is a fanatical spirit that has been placed there by the enemy. It is full of enthusiasm and super energy but is unreasonable, abrupt and self-assured. Then the truth is twisted.

Unbalanced truth in relationship to other truths become deceptive. If one truth is overemphasized at the expense of other truths in God's Word, a closed mind results, with the attitude of "I know it all", leads to deception.

The devil loves to mislead us about ourselves and/or God our Heavenly Father. A passive, inactive mind often displays the following symptoms: darting thoughts which come and go, thoughts which dwell on rejection, worry and fear. Thoughts that cause one to make dramatic statements without giving the necessary consideration, for example, "I am much more spiritual than others and I am leaving my job to go and live by faith." There are usually uncontrollable flights of self-delusion, dreams, insomnia, forgetfulness, lack of ability to concentrate, communicate and reason.

However, Praise the Lord that He has given us spiritual weapons to use against the enemy when he attacks our mind, we read in **2 Cor. 10:3-4: "For though we walk in the flesh, we do not war according to the flesh. For the weapons of our warfare are not carnal but mighty through God to the pulling down of strongholds.**

These weapons are described fully in Ephesians chapter 6 from verses 13 to 18.

Eph 6:12-13 tells us**: For we wrestle not against flesh and blood, but against principalities, against powers, against the rulers of the darkness of this world, against spiritual wickedness in high *places*. Wherefore take unto you the whole armour of God, that ye may be able to withstand in the evil day, and having done all, to stand.**Because it is a spiritual battle, we need to fight with spiritual weapons wearing spiritual armour.

Put on the whole armour of God. (Eph. 6:13-18)

1. Helmet of salvation. You must be born again by the Spirit of God (John 3:3). You must receive Jesus Christ as your personal Saviour and become reconciled with Father God, because then you are fighting from a position of strength, as the devil and his demon powers have been overcome by Jesus on the cross at Calvary (Col. 2:14-15).

2. Girdle of truth. You must walk in truth with God in accordance to His Word, and in truth with others.

3. Sword of the Spirit. You must read God's Word, declare it and act upon it. Then deception is replaced by the truth and the truth makes us free.

Then said Jesus to those Jews which believed on Him, If ye continue in My word, *then* are ye My disciples indeed; And ye shall know the truth, and the truth shall make you free. (John 8:31-32)

The Truth is the Word of God. Meditate and think continually therefore on the Word of God and proclaim it.

It is important that you establish the source or root of your suffering and problem and allow the Word of God to give you understanding. You must resist every lie of the devil and then break with every lie and its influence. Finally, allow the truth of God's Word to saturate every area of your life.

Make a choice to renew your mind, by examining the source or root of your thoughts, then bring every thought into obedience to Jesus Christ. We read in **2 Cor. 10:5: Casting down imaginations, and every high thing that exalteth itself against the knowledge of God, and bringing into captivity every thought to the obedience of Christ;**

Your thoughts should be in agreement with you spirit and the Word of God. **Rom 8:6** says: **For to be carnally minded *is* death; but to be spiritually minded *is* life and peace.**

Your mind should be free to be able to concentrate, absorb, remember, reason and understand. To have a mind renewed by the Word of God is therefore to reach the highest potential which God has set for man's understanding.

Turn your thoughts away from fleshly things. **(Rom 8:7) Because the carnal mind *is* enmity against God: for it is not subject to the**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The battlefield of the mind….)

law of God, neither indeed can be. As a believer each one of us has to renew his mind. **And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind. (Rom. 12:2)**. **YOU** must place the Word of God in your mind. **Heb 8:10** says **For this *is* the covenant that I will make with the house of Israel after those days, saith the Lord; I will put my laws into their mind, and write them in their hearts: and I will be to them a God, and they shall be to me a people.**

Spiritual growth and the renewing of the mind are definitely related to one another. **YOU** are therefore responsible for the renewing of your mind. The Word tells us in **Ephesians 4:23: ….and be renewed in the spirit of your mind.** This is a command from God. The renewing comes as you allow the truth of God's Word to saturate every area of your thought life.

Overcome passivity by activating your mind. Make a decision "My mind belongs to me and I will use it. I will not allow any outside power to influence, use or control my mind." Then exercise your mind by taking the lead in situations, do not always wait for others to do so, and use your mind by thinking, reasoning, remembering and understanding.


The Holy Spirit makes God's will clear to your **spirit** so that you will know what it is and through **your understanding** you will realize the meaning of that which has been revealed, then by exercising **your will** you use your spiritual authority or power. Spirit and mind must thus work together in order to fully understand the Will of God.

The mind must have a humble attitude according to **Act 20:19: Serving the Lord with all humility of mind, and with many tears, and temptations, which befell me by the lying in wait of the Jews.**

FACTS ABOUT THE MIND

1. You will always strive towards that upon which your mind is set. To be in agreement with your walk in the spirit your mind must be set on spiritual things.
2. The spirit brings forth life and peace, but the flesh brings forth death.
3. The leading of God always comes by way of the spirit.
4. This leading of God always places us in the position where we can choose.
5. The mind must not be controlled by the emotions.

For God hath not given us the spirit of fear; but of power, and of love, and of a sound mind. (2 Tim. 1:7)
And we have the mind of Christ (1Cor.2:16)



UIT DR JAMES se kantoor

Geliefdes in Jesus,

Wanneer ons, ons hart aan Jesus gee en wedergebore word, word ons 'n nuwe skepsel volgens **2 Kor. 5:17: Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.** Ons het kinders van God geword, wedergebore deur Sy Gees in 'n splinter nuwe lewe, 'n nuwe manier van lewe, 'n nuwe manier om dinge waar te neem, 'n nuwe manier van dink en 'n nuwe manier om met dinge te deel. God verseker ons dat Sy weë nie ons weë is nie, inderdaad sê Hy vir ons dat Sy weë baie hoër as ons weë is daarom moet ons leer om volgens 'n ander stel reëls te leef, Sy Goddelike reëls wat vir die wêreld en die ongeredde, wat nie geestelike kennis of bewustheid het nie, na dwaasheid lyk. In die Geestelike ryk (wat regtig meer werklik is as die fisiese ryk en Ewig is, terwyl die fisiese wêreld eendag sal verby gaan), geld geestelike wette en wanneer ons aan die wette gehoorsaam is, sien ons God se Hand op 'n wonderbaarlike manier vir ons beweeg. Ek sal aan julle 'n paar voorbeelde gee om die punt te illustreer. As iemand jou skielik klap, sal die wêreld se reaksie wees om hom dadelik terug te klap**.** God se Woord sê egter vir ons om die ander wang te draai. As jy vind dat jy behoeftes het en nie weet wat om te doen nie, sou die wêreld se manier wees om op elke ding wat jy het, te besuinig en te spaar, terwyl God se Woord sê dat as ons gee, dit aan ons gegee sal word, Hy sal voorsien. Die wêreld sê wanneer jy

(vervolg ap Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl 6 - Uit Dr James...)
sien kan jy glo, terwyl God se Woord vir ons sê dat wanneer ons eers glo dan sal ons sien.

Daar is baie meer voorbeelde in die Bybel wat voorkom asof dit die manier waarop ons eers gedink het en die manier hoe ons dinge gehanteer het toe ons ongered en nog volgens die wêreld se maniere opgetree het, weerspreek; en dit neem tyd vir ons om te besef dat ons denkwyse moet verander sodat dit in lyn met God se manier van dink kan kom. Die Bybel vermaan ons in **Rom. 12:2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Wat dit sê is dat ons denke vernuwe moet word sodat dit verander kan word, sodat ons God se weë kan ken, ons sal weet wat goed, en aanvaarbaar vir God se volmaakte wil is. Wanneer ons denke verander is na God se weë en Sy denke, sal ons nie langer met die wêreld se weë en denke ooreenkom nie wat ydel is, sê God. God se weë bring lewe, die wêreld se weë, alhoewel hulle logies mag klink, bring die dood. Hierdie waarheid lees ons in **Spr. 14:12: Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.** En dit word weer herhaal in Spr.16:25.

Die vernuwing van ons denke, sodat ons gedagtes in lyn met God se Woord kom, is noodsaaklik as ons in die Gees wil wandel en oorwinnende lewens wil leef terwyl ons op Aarde is, en veral in hierdie moeilike tye. Ons doen nie vir God enige guns deur 'n kwaliteit besluit te neem om ons denkpatroon te verander om in lyn met Syne te kom nie, ons bewys onsself die guns! Indien ons denke nie verander nie, sal ons gedrag nie verander nie en dit is die kern van die hele saak. Om God se beste in ons lewens te ondervind, en om te sien hoe Sy beloftes 'n werklikheid word, is dit noodsaaklik dat ons beheer oor ons gedagtes neem om dit in lyn te bring met die Woord. Ek weet dat dit nie 'n maklike oefening is nie, ook nie dat ons dit oornag sal bemeester nie, maar wat ek hoop en bid is dat elkeen van ons 'n ooreenstemmende poging sal maak om bewus te wees van wat ons dink en dan daardie gedagtes te ondersoek om te sien of hulle in ooreenstemming met God se Woord is of nie. Dit moet dan 'n lewenswyse vir ons word. Onthou dat jou denke die slagveld van Satan is; dit is in jou gedagtes dat hy sy leuens en bose voorstellings plant, sy versoekings, vrese en ongeloof. Sy doel is om jou geloof af te breek en te kry dat jy aan God se Woord twyfel.

Satan weet dat as hy jou kan kry om sy leuens te glo, hy die oorhand in jou situasie het. Hy begin by jou gedagtes. Beskerm jou denke deur jou gedagtes te beskerm! Dit word gedoen deur elke gedagte wat in jou denke kom wat teenoor God se wil, weë en ewige beloftes staan, te vervang met die WAARHEID van Sy Woord! Red die Land van jou Denke, jy is in beheer daarvan en niemand kan jou verplig om dinge te dink wat in teenstelling met God se wil is nie, die keuse is joune om gedagtes te hê wat lewe bring, na jou en almal rondom jou en eer aan jou Hemelse Vader.

Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is--watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit (Fil. 4: 8).

Onthou die woorde van **Spr. 23:7: Want soos hy in sy siel bereken, so is hy:** omdat jou gedagtes altyd jou handelinge voorafgaan, en jou handelinge bepaal jou lewe, laat ons dus met ons gedagtes begin.

Ons gedagtes van julle is van dankbaarheid aan die Here vir julle aanhoudende gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke gebied; dit is gedagtes van liefde en waardering vir jul ondersteuning om ons te help om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus na 'n behoeftige wêreld te bring; en dit is gedagtes vergesel van ons ernstige gebede dat die Here julle sal seën en bewaar en dat Sy aangesig oor julle sal skyn en aan julle Sy vrede, blydskap en genesing sal gee vir altyd.

Baie, baie dankie vir julle seënwense met my verjaarsdag ek waardeer julle liefde.

Baie liefde groete

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Goeie More Dr.

Ek het vir voorbidding gevra, vir my oog in Oktober na ‘n operasie skeef geloop het.

Op die 2deOktober het ek vir ‘n lensvervanging operasie gegaan in Ladysmith Provinsiale Hospitaal aangesien ek geen mediese fonds het nie.

Na die operasie het ek agter gekom dat ek glad nie kan sien nie, die Dr. het my die volgende oggend meegedeel, dat iets skeef geloop het en dat daar bloeding op die lens is en dat dit ‘n tydjie sal neem voor ek sal kan sien. Ek bly nou in Gauteng en moes eers oor 2weke weer die Dr. gaan sien, ek is terug huis toe sonder my nodige medikasie, my skoonpa het daarop aangedring dat ek vir ‘n tweede opinie moet gaan, wat ek toe gedoen het. Nadat hierdie Dr. my twee keer gesien het, het hy net vir my gesê die oog lyk nie goed nie en dat hy my na ‘n ander Dr gaan verwys want dit moet so gou as moontlik reggestel word, anders kan ek my oog verloor en hy sê ook toe dat so ‘n operasie my R30 000.00 sal kos, hoe nou ek het nie medies nie. Ons ry huis toe en ek en my vrou sê vir mekaar ons sal geen plan B hê nie, ons gaan die Here vertrou. Hierdie 2 weke het ek soos nooit die aangesig van die Here gesoek en Hom vir genesing vertrou, maar die God wat ons aanbid werk op Sy eie unieke manier. Ek het vas geglo ek sal sien voor ek by die dokter uitkom, maar ongelukkig het dit nie gebeur nie.

Ons het toe die Dr. gaan sien en terwyl ons soontoe ry sê ek vir my vrou die guns van God rus op ons lewe, wat by die Dr. gaan gebeur berus by Hom, nou moet u weet ons ken glad nie hierdie dokter nie, maar God ken hom. Na ‘n ondersoek het hy vir my gesê hierdie operasie moet so gou as moontlik gedoen word, want die skade lyk groot. Hy sê toe ook dat hy dit volgende Maandag sal doen, ek moet die oog hospitaal R1000 betaal ek hoef nie die teater te betaal nie dit is al klaar gedoen deur ander pasiënte, hy sit my op die lys, ek stop hom toe en sê dr. wat gaan u my vra vir die operasie want ek het nie medies nie en u weet hoe verlore jy vandag sonder een is. Hy antwoord en sê ek het met die ander dr. gepraat en ek doen hierdie operasie gratis vir jou, dien ons nie ‘n God van wonders nie, mense! Die operasie is gedoen daar was groter skade as wat hy gedink het, daar was skeure in my retina en toe die droë bloed verwyder word is daar ‘n gat, alles moes hy herstel met laser, gom en ‘n suurstof borrel is in my oog gesit om die area droog te hou, daarom moes ek pal vir sewe dae en nagte op my linker sy lê, want dit beheer die borrel. Kon net vir badkamer en eet opstaan, nogal erg gewees.

Ek was gister vir opvolg besoek by die dr., weet u wat, alles het mooi geheg die dokter is tevrede en prys die Here ek kan sien a.g.v. die lens wat ingesit is in Ladysmith kan ek baie goed naby sien maar nie baie helder ver nie, as ek wil kan ek ‘n bril kry sê hy. Maar ek sien goed en is die Here ewig dankbaar en baie dankie vir u en die span se gebede en ook u leesstof wat my gehelp het in hierdie tyd. Ek is ook meegedeel deur die dr. dat so ‘n operasie binne 2dae gedoen moet word, ek het meer as ‘n maand geloop, kon niks gesien het nie, maar God het geweet wat hy beplan.

Ek wil u as leser bemoedig, moet nie moed verloor nie. Ons dien ‘n God van Wonders. Prys Die Here!!!

Seën vir u bediening saam met die span.

Liefde, John Jansen Van Rensburg

Liewe Dr James, Meg en Span,

Die Here het groot dinge vir Madeleine gedoen!! Sy het vir toetse gegaan en sy is volkome genees van kanker!! Sy is verlos van alle pyn en ons kannie die Here genoeg loof en prys vir wat Hy vir haar gedoen het!! Ons dien ‘n groot en almagtige Hemelse Vader!!

Bernadette, Kaapstad

Halleluja, loof die Here ons drie-enige wonderlike God! Omtrent 6 weke gelede het ek met David gepraat oor my 11 jarige kleindogtertjie wat vir langer as 4 maande nie skooltoe was nie en nog langer gedurig siek was. Een spesialis het gesê dit is bosluiskoors, en ‘n ander klierkoors, en nog ‘n ander, ‘n wanbalans in die immuniteitstelsel. Tien dae gelede moes sy weer vir toetse gaan, en daar was geen wanbalans in die immuunstelstel nie! Die pyn en geweldige vermoeienis is weg!! Baie innige dank vir julle toegewyde voorbidding en bowe-al dank vir die Hemelse Vader aan wie alle eer toekom.

Prys die Here!! Dankie dat God so baie mense aan julle toevertrou. Sterkte en seën en baie liefde. Dankie ook vir u nuusbrief. Ek versprei hulle en sien opgewonde uit na elke nuwe een!

Liefdegroete, Monica Coetzee, Bedfordview